



## 'n Goeie begin, maar lang pad lê voor

Die jaar het op 'n baie goeie noot afgeskop met die vooruitsig dat pres. Jacob Zuma se dae getel is.

Volgens die finansiële markte is die land se ekonomiese vooruitsigte skielik baie beter. Ek dink egter dat ons versigtig moet wees om te gou te opgewonde te raak. Baie moet nog gebeur voordat die ekonomie gaan herstel.

Die finansiële markte is gewoonlik vinnig om nuus te verdiskonteer. So byvoorbeeld het die rand baie goed gereageer toe dit begin duidelik word dat die Zuma-nagmerrie besig is om tot 'n einde te kom. Daarmee saam het kapitaalmarkopbrengskoerse heelwat gedaal, wat eweneens baie goed vir die land is.

'n Stewiger rand en laer kapitaalmarkkoerse sal ongetwyfeld die ekonomie ondersteun. 'n Sterker rand sal byvoorbeeld help om inflasie af te druk, wat die Reserwebank ruimte sal gee om korttermynkoerse te verlaag, wat groei sal ondersteun.

Dit neem egter heelwat meer as positiewe reaksie van die finansiële markte om die ekonomie behoorlik aan die gang te kry.

Die Reserwebank en die meeste ekonome in die private sektor het wel hul groeivooruitsigte vir die jaar verhoog, maar selfs die meer optimistiese voorspellings is steeds ver onder die bevolkingsgroei. Dit beteken dat die per capita-inkomste vanjaar weer gaan daal, wat groter armoede en werkloosheid — en alles wat daarmee saamgaan — beteken.

Wat nogal hartseer is, is dat almal praat van “beter” groei wanneer die ekonomie sterker as 1% groei, maar dit is beswaarlik “goed”. Dit wys maar net hoe gewoond ons is aan die minderwaardige vertoning van ons ekonomie.

Verder is dit vir my maar moeilik om te sien hoe ons 'n verdere afgradering kapitaaluitvloei lei, wat weer die rand sal verswak en langtermynopbrengskoerse sal laat styg.

Dus, die einde van Zuma is ongetwyfeld goeie nuus, maar ek is bevrees dit kan dalk te laat wees. Dit sal jare neem om

die staatsbeheerde instellings se bestuur en finansies reg te stel. Daarby het die staat se skuldvlakke soveel gestyg dat 'n baie beperkende fiskale begroting onvermydelik is, wat groei op kort termyn gaan demp. Dit is veral die totale gemorsspul by Eskom wat die hele ekonomie kan laat ineenstort.

Wat my die meeste pla, is die gehalte van die leierskap van plaaslike owerhede, die provinsies en natuurlik die meeste nasionale departemente. Primêre onderwys is 'n nasionale ramp, met 'n peil wat van die swakste ter wêreld is, terwyl hoër onderwys ook al hoe meer uitdagings ervaar...

Adj.pres. Cyril Ramaphosa het sy stempel duidelik afgedruk deur die direksie van Eskom te vervang — en hy is nog nie eens president nie. Dit gaan wel 'n heel ander saak wees om dieselfde met die res van die ANC-beheerde instellings te doen.

Intussen lyk dit of wêreldgroei versterk. Dit behoort goed te wees vir hulpbronpryse. Suid-Afrika, as 'n primêre hulpbronnuitvoerland, behoort voordeel te trek uit hoër pryse. Net jammer ons mynbedryf is so opgefoeter deur politiek.

Nietemin, wees maar versigtig om te opgewonde te raak oor die land se ekonomiese vooruitsigte en sorg maar dat jou portefeulje steeds internasionaal gediversifiseer is. Sodra die nare werklikheid van 'n mishandelde ekonomie die euforie van die einde van Zuma vervang, sal dit duidelik word dat daar baie werk voorlê om die land weer op die regte pad te plaas.

Ongelukkig gaan Zuma nie die wrak wat hy geskep het met hom saamneem na Nkandla (of waar hy ook al gaan eindig) nie, maar sy einde is darem 'n goeie begin.

 Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op [dawieroodt@efgroup.co.za](mailto:dawieroodt@efgroup.co.za)